Sondag 1 Mei 2022

Vandag is spesiaal, soos enige ander dag. Maar meer spesifiek is dit 1 Mei, Werkersdag. Vandag is Werkersdag en dié vakansiedag word internasionaal in meer as 80 lande gevier. Op hierdie dag dink ons terug in die geskiedenis aan die rol wat die werkersmag en unies gespeel het in die stryd vir menseregte.

Maar tog verwys klomp mense ook na vandag as die sogenaamde MAY Day…. Die bekende uitroep wat mens sou skree indien jy in die moeilikheid is. En so op Mayday, kon ek myself nie help nie, en het ek diev olgende bekende videobeeld saamgebring.

Wys: German Coastguard- We are sinking..

En so, is daar ook baie van ons wat ook so dikwels in ons lewe wil uitskree: Mayday Mayday.

- Dalk iemand wat besef, met die eerste 4 maande (‘n derde) van die jaar wat verby is, kan ek nie meer kop bo water hou nie…
- Of iemand wat (na aanleiding van laasweek se gesprek), so deur die siekte genaamd depressie geraak word dat hulle ook skree, Mayday, mayday…. Ons moet praat daaroor, of soms moet ons skree daaroor.
- Of die boer op Kirkwood wat staan en kyk hoe sy trekkers en oes afgebrand word, en wat dan op die veiligheids radio skree mayday Mayday…
- Of die persoon in jou gesin, die kind, die huweliksmaat, die bejaarde, wat smag na bietjie aandag en liefde wat ook wil skree, mayday, mayday..
- So in ons sondige natuur, kom ons ook na ‘n tyd agter, kan dit ongelukkig nie meer so aangaan nie, en dan skree ons ook die woorde, Mayday Mayday….

Of soos ons nou in Lied 384 saam gaan sing: Jesus O dink aan my, wanneer U in die ryk kom..

- Lied 384- Jesus O dink aan my..

Maar in die uitroep is daar vir my ‘n vreemde troos, want dit laat my dink aan een van my geliefkose tekste. Jesus hang aan die einde van Lukas aan die kruis, en die 2 misdadigers wat saam met hom gekruisig is, voer dan ‘n gesprek met Jesus. Die een man maak ‘n bespotting van Jesus en sê, RED jouself, maar die ander man, sê dan die volgende in Lukas 23:

42. Verder sê hy: "Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom."
43. Jesus antwoord hom: "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees."

Die man skree uit, Mayay  Mayday, ek sink…. Help help ek word gekruisig. Help help en is aan die sterf… En Jesus antwoord hom, jy is nie alleen nie. Vandag nog sal jy saam met my in die paradys wees… Vandag nog verseker ek jou van my teenwoordigheid…

En daarom sing/ of bid ons nou verder op die maat van musiek en ons sing L 177, Jesus groot bo almal.

- Lied 177- Jesus groot bo almal…(Immanuel God met ons)

- Lied 292: My enigste troos in lewe en dood v 1, 3

Gebed: En Taal is 'n moeilike ding, ons praat van die son wat opkom en die son wat sak, maar ons weet eintlik dat die son nie beweeg nie, maar dat dit eintlik ons is wat besig is om te beweeg rondom die son. Here ons wil nie praat oor waarvan ons nie weet nie. Ek wil vra dat U by my bly. Vandag en ook more. Ek wil leef asof U vir my genoeg is.

- Lied 169- Heilig Heilig Heilig- v 1,2,3

Ons lees vanoggend uit die Boek Openbaring uit. Ons gaan die hele Hoofstuk 5 lees.

1. In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was.
2. Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: "Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek?"
3. Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.
4. Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.
5. Toe sê een van die ouderlinge vir my: "Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak."
6. Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is.
7. Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.
8. Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges.
9. Toe sing hulle 'n nuwe lied: "U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie.
10. U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer."
11. Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor
12. uitroep: "Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang."
13. Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: "Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid."
14. Die vier lewende wesens het gesê: "Amen!" En die ouderlinge het gekniel en God aanbid.

Mayday May day. We are sinking…

En iemand hoor. We are thinking….

Of soos die spotprentjie lees:

I think you need a hearing test

En die man hoor: Why the heck do I need a hairy chest.

Sekere goed word mos so verlore in vertalings, en aksente.

My ervaring, is dat daar presiese dieselfde ding met die boek van Openbaring gebeur het…

Johannes het iets geskryf vir 'n bepaalde gehoor en 'n bepaalde doel, maar ons het 2000+ jaar later iets heeltemal verskillend gehoor. Die boek aan die einde van die Bybel het 'n boek geword wat mense liewer vermy. Hul lees liewer die res van die Bybel. Die meeste mense is bang of ten minste huiwerig om Openbaring te lees omdat hulle dit as onverstaanbaar ervaar. Of die boek is gebruik om

mense met klomp bangmaak praatjies te vul van drake, die magtige Leeu wat verskeur, hemelse wesens en die oordeel wat op pad is. Iemand skryf (en ek ondersteun dit), Openbaring of Revelation is the most m*isunderstood book in the whole Bible*. Daar is niks om voor bang te wees nie. Dit is een van die mooiste boeke in die Bybel.

En so roep gelowiges wanneer hulle besig is met Openbaring ook Mayday Mayday. Help ons, ons is in die moeilikheid, ons kan nie meer nie.

Maar hoe lees ons dit?

En daarom wil ek graag 5 goed met julle deel. 5 riglyne wat my help nie net om Openbaring 5 te verstaan nie, maar hoe om die hele boek te verstaan.

1- Openbaring beteken- Unveil. Openbaar. Om iets te wys wat bedek is. Ons maak die gordyne oop. Ons lig die doek. Dit is om vir ons Jesus te wys. Dit was nog altyd die skrywer se intensie.
2- Johannes is die skrywer van Openbaring. En die brief/boek is geskryf aan die kerk. Die Romeine is aan bewind en daar is grootskaalse vervolging. Gelowiges word vervolg. En nie ligte vervolging nie, maar dat jy gemartel en self doodgemaak kan word as gevolg die feit dat jy glo. So die doel van die boek is bemoediging. Jesus Christus wat by hul staan in hul tyd van vervolging. Ek is mos vreeslik lief vir Sport metafore, so dit help my om oor die boek te dink as die half-tyd praatjie. Jou span is baie vêr agter, dit is eintlik 'n onmoontlike situasie, maar jy moet hulle bemoedig. Johannes is die boodskapper van hoop, van inspirasie...
3- Johannes pleeg oral profetiese plagiaat. Hy gebruik terme van oral oor. Hy leen alles. Dit is amper asof jy 'n goeie verstaan van die res van die Bybel (en veral die Ou-Testament moet hê) om werklik die volle krag van Openbaring te verstaan. 404 verse in Openbaring. En oor die 500 verwysing na OT geskrifte...oor 130 verwysings kom vanaf Esegiël. Dit beteken dat daar in elke verse, een of 2 verwysings is na die res van die Ou Testament.
4- Die Jesus van Openbaring moet die Jesus wees van die evangelies. Dieselfde karakter en natuur. Die twee moet nie in teenstelling met mekaar wees nie. As dit mekaar "*contradict*" dan is jy op die verkeerde pad. Daar is net 1 Jesus. Jesus kan nie anders optree en praat in die laaste boek nie. So Openbaring moet jou prentjie van Jesus aanvul.
5- Ons gevolgtrekking moet ook die gevolgtrekking wees van die eerste lesers. As ons vandag by 'n gevolgtrekking kom, wat nie van toepassing sou wees vir die eerste leser nie, dan is ons op die verkeerde pad. Deel van die probleem is dat mense die boek Openbaring wil vorentoe trek tot in ons tyd en dan daarin iets soek vir ons tyd. Hulle lees dit asof dit geskryf is vir Mei 2022. Ons moet eerder teruggaan in die geskiedenis en saam met Johannes op die eiland Patmos gaan sit en dan Openbaring lees. Wanneer 'n mens dit só lees word dit 'n pastorale boek. Dan verstaan 'n mens dat God deur die drome/visioene eintlik vir Johannes in sy eensaamheid en verlatenheid en hartseer wil kom troos. Openbaring is drome en visioene wat vir Johannes gegee is en eers wanneer ons teruggaan in die geskiedenis en dit saam met hom in sy tyd lees kry dit sin en betekenis.

Maar hoe help dit vir my en jou met die Vreemde hoofstuk 5. Hoofstuk 5 moet eintlik saam met Hoofstuk 4 gelees word. Openbaring 5 help ons om 'n lewensbelangrike vraag te vra en te beantwoord: "Wie is Jesus?"

Maar om dit te verstaan moet ons eers iets van die skrywer begryp.

Johannes se eensame verblyf op Patmos is deel van hierdie vervolging en lyding. Dit is dus net logies dat hulle sou begin twyfel en moedeloos raak omdat hulle verwagting van 'n spoedige oorwinning en

triomf nie plaasvind nie. Dit is in hierdie situasie dat God vir Johannes iets laat sien (in Hoofstuk 4 en 5) wat hom help. Hy sien vir God op die troon sit met die geskiedenis in sy hand. Die geskiedenis is klaar geskryf en verseël. Niemand weet wat daarin staan nie, maar dit is in God se hand. Die kerk wat verteenwoordig word deur 24 ouderlinge (die 12 stamvaders uit die Ou Testament en die 12 apostels uit die Nuwe Testament) staan voor God. Rondom die kerk staan al die mense van alle tye wat verteenwoordig word deur die 4 lewende wesens (uit die 4 windrigtings). Tussen die kerk en die mensdom staan die Leeu/Lam Jesus Christus as Middelaar wat die enigste waardige iemand is om die geskiedenis te ontsluit.

En soos ek alreeds gesê het, help Openbaring 5 help ons om ʼn lewensbelangrike vraag te vra en te beantwoord: "Wie is Jesus?". Ons lees in die teks 'n baie belangrike beweging wat plaasvind:

Hoofstuk 5:5 is daar die mooi vers:  Moenie huil nie, daar is 'n leeu

Verskil tussen vers 5 en 6....

Vers 6- daar is ʼn lam.

Ons het beweeg van Leeu na Lam... Belangrike beweging in Openbaring

Van nou af het die Lam al die mag, nie die Leeu nie...

Die mense het gewag vir die militant messiah- die magtige een. Wat alles en almal uitsorteer. En toe kry hul iemand op ʼn donkie.

Beweging van geweld na vrede

Militancy to mercy. Violence to non violence

Toe Johannes kyk, sien hy – tussen die troon en die ouderlinge – nie ʼn Leeu nie, maar ʼn Lam staan! Johannes sien vir Jesus. Die Lam wat geslag is (vers 6, 9, 12) en wie se bloed sou vloei sodat mense uit alle volke en stamme en nasies losgekoop kon word (vers 9). Dit is hoe ons gered is.

Die leeu is ook die lam. Hy sien krag lê juis in swakheid. Vir ons is dit moeilik om te verteer. Ons hou meer van die Leeu as van die Lam. Ons sien Jesus liewer op ʼn perd as op ʼn donkie. Ons hou meer van krag as van swakheid. Ons wil soos wenners lyk en nie soos verloorders nie.

Maar liewe vriende die storie van Jesus is nie ʼn kragstorie nie, maar ʼn liefdestorie. Die krag van die evangelie lê nie in mag en geweld nie, maar in liefde. Liefde sal die wêreld verander. Liefde verander alles! Dit is wat ons saam met Johannes in die hemelse gemeente beleef.

'n Liefdestorie waarvan ons die middelpunt is. Ons word uitgenooi om die liefde voort te dra. 'n Liefdestorie waar die wêreld ontdek hoe geliefd hulle is, en vanuit daardie liefde in die wêreld voortleef.

Wanneer hy (Die lam) (Die lam wat geslag is vir jou en vir my) die geskiedenis in sy hand neem hoor die kerk en die ganse mensdom 'n magtige lied, gesing deur duisende en miljoene engele (ek vergelyk dit altyd met die Walliese kore op Cardiff Arms Park wat "Land of our Fathers" sing voor 'n toetswedstryd). En dan aan die einde van die lied buig die kerk in aanbidding en die mensdom stem uiteindelik in, "Amen", laat dit só wees! So word die profesie dat elke stam en elke taal en elke nasie sal buig en erken dat Jesus die Here is waar binne-in die droom.

- Luister Lied- Royal Albert Hall- To God be the Glory….

Gebed:

- Sing: Lied 205- Bring Lof aan die Vader

Volgende Sondag lees ons verder ook vanuit Openbaring. (Die keer Hoofstuk 7), maar ek hoop dat vanoggend jou gehelp het om hierdie boek te verstaan.

Seënbede:

Mag die Here jou seën met ongemak oor maklike antwoorde, halwe waarhede en oppervlakkige verhoudings sodat jy uit die diepte van jou hart kan leef.
Mag die Here jou seën met woede oor onreg, onderdrukking en die uitbuiting van mense sodat jy kan werk vir geregtigheid, vryheid en vrede.
Mag die Here jou seën met trane om te stort vir mense wat pyn, verwerping, honger en oorlog ervaar sodat jy ’n hand kan uitreik en hulle pyn in blydskap kan verander.
En mag God jou seën met genoeg dwaasheid om te glo dat jy ’n verskil kan maak in hierdie wêreld, sodat jy dinge sal kan doen wat ander mense dink nie gedoen kan word nie. Amen.
(’n Ou Franciskaanse seën)

Amen: